REDAKSIES

ADMINISTRASIE

Redaksioneel

2006…verlede. Maar nog nie vergete nie. Die hoogtepunt vir die jeug was natuurlik die kongres. Elke jaar besef 'n mens weer die wonderlike geleentheid wat ons as jeug van die Here mag ontvang om 'n kongres te kan hou. 'n Kans om mekaar te leer ken en met mekaar om te gaan as broeders en susters in Christus. Die Here voorsien ook op so 'n manier dat 'n mens nuwe vriende in Christus vind. Met hierdie vriende mag ons die toekoms ingaan. Waar ons saam 'n pad mag stap. Die pad van God. Die pad wat lei na die groot doel waarop alles gerig is - 'n nuwe hemel en aarde. Waar ons dan as volmaakte vriende sal wees. Die Here wil dat ons vriende op hierdie pad saamneem. Op hierdie pad mag ons as vriende mekaar help, troos en probleme oplos. Jesus sê tydens sy lewe: 'Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee.' Joh. 15:13. Self het Hy sy woorde waar gemaak. Laat ons Sy groot liefde wat Hy vir ons gegee het vir ons vriende gee.

Die Olielamp self het ook 2006 afgerond met 'n vrugtevolle nasionale vergadering. Daar het nuwe idees op tafel gekom. Julle sal dit self bemerk. Die Olielamp wil die komende jaar veral fokus op 'Jeug betrokkenheid'. Dit het alreeds by die kongres afgeskop. Behalwe sperdatums is daar ook 'n ontspanning vir die jeug en nog vele meer op die kalender. 'Koffie Kommentaar', 'Hi-stories', en 'Uit die mond van die Suigeling' sal nou in van die uitgawes verskyn. Hou jul oë wyd oop en bring jul olie te voorskyn sodat die vlammetjie groot lig mag voortbring…

Self gaan ek die Olielamp groet. Hendriët Pouwels gaan by my oorneem. Ek wil groet met die woorde: Die Olielamp is 'n groot geskenk wat die Here vir die VGK jeug in SA gee. Hy gebruik ongekwalifiseerde jong Christene om Sy Naam te versprei en mekaar te voed met Sy Woord. Pas die geskenk mooi op. Gebruik jou gawes en dank Hom vir Sy groot genade.

Pretoria Maranata
Linda de Vente

IN HIERDIE UITGAWE

Redaksioneel 2
Uit die Woord 3
Die klere maak die man..... 3
God as ons Skepper..... 4
Oppad 6
Die Bybel is die Woord van God 6
Ons belydenisskrifte..... 7
Voel jy ook so?..... 9
Orgaanoorplanting, is dit geoorloof? 9
Die doel 10
Het jy 'n verdraaide beeld van God vir jouself geskep? 11
Kongres 2006..... 12
Toekomsverwagting en Christelike lewenstyl .12
Die Heilige Gees en ons toekomsverwagting ..13
Toekomsverwagting: Wetenskap en tegnologie.....13
Toekomsverwagting en Evangelisasie 14
Hi-stories..... 15
Maak die lewe sin?.....15
Uit die mond van die suigeling 16
Deur die sleutelgat..... 17
Voetspore 19

VOLGENDE UITGAWE

Sperdatum vir die volgende uitgawe is

DV 11 Februarie 2007

Uit die Woord

Die klere maak die man

Linda de Vente

Jy sit op 'n bank by 'n besige lughawe. Talle mense loop verby. Aan die een kan jy sien hy kom van Europa, die ander van Arabië, die ander van Afrika. Soms kan jy mense uitken aan hul geloof, soos bv. 'n Moslem. Klere vertel 'n klein storie van daardie persoon se bestaan en afkoms. Kan iemand aan jou klere sien dat jy anders is as 'die wêreld'?

Kom ons soek die betekenis van klere in die Bybel.

In die begin het die Here die hemel en die aarde gemaak. Ook maak Hy die mens na Sy ewebeeld. Sonder skaamte. Want dit wat Hy geskape het is heilig. Maar sodra hul sonde begaan, het die mens klere nodig. Daarom maak die Here as troue Vader klere vir die mens (Gen 3:21).

In Exodus en Levitikus gee God ook sy goeie wil oor klere vir die priesters en Sy volk. Priesters is met klere geklee om heilig te wees voor die Here. 'En Aäron en sy seuns moet dit aanhê as hulle in die tent van samekoms gaan, of as hulle nader kom na die altaar om in die heiligdom te dien, sodat hulle geen skuld op hulle laai en sterwe nie.' Ex. 28:43a. As Vader beklee Hy hulle om hul skaamte te bedek. 'Jy mag ook nie met trappe na my altaar opklim nie, dat jou skaamte nie daarop ontbloot word nie' Ex. 20:26.

Jesaja het geprofeteer oor die gevangene en ballinge in Israel wat ontklee sou word sodat hul beskaamd staan oor hul sonde. Sonder kleding is dus 'n groot vernedering en wys die ware mens. Skaamte is dus 'n gevolg van die sonde.

Stilstaan

I want to be...

I want to be like David
to praise You all my life,

I want to be like Joseph
never to give up,

I want to be like Joshua
obedient all the way,

I want to be like Abraham
That You can call me friend,

I want to be like Moses
faithful 'til the end,

I want to be like Jonathan
loyal in all I do.

But rather, Lord,
I want to be today
who I must be for You.

Ja, selfs ons Verlosser het hierdie gevolg van sonde aan sy eie liggaam gevoel. Aan die kruis hang Hy, sonder klere. Wat aan die mens deur die sorgende Vader gegee is, is van Jesus deur mense weggevat. Hy is so verlate van Vader, dat Hy liggaamlik selfs die pyn moet verduur. Hy is die Priester wie se skaamte wel gesien word. Hy moet wel die sonde voel van skaamte van die sondeval. So word ons sonde by Sy kruisiging harde waarheid. Vernederend het Hy daar gehang, sodat ek en jy geklee mag word deur ons hemelse Vader.

As ons nog verder in die Bybel blaai lees ons in Openbaring 7:9 dat almal wat gered word in die hemel geklee sal wees met wit klere. Almal is dus rein en heilig. Afgesonder deur die offer wat Christus volbring het aan die kruis.

Die gevolg is dus dat ons as Christene geraak word. Klere is nie slegs 'n mode nie, maar 'n God-gegewe geskenk aan die mens. Sodat ons ons sonde mag ken waarvoor Christus gesterf het. Want ons kleding is soos 'n spieël vir die wêreld. Hiermee verkondig ons die evangelie aan ander.

As jy volgende keer in die winkels rondloop om klere te koop, onthou die Here se groot genade!

God as ons Skepper

Petra Ros

Wat beteken dit vir jou dat God ons Skepper is? Hoe beïnvloed dit ons verhouding met Hom? Wat mag ons van Hom verwag, en wat beteken ons vir Hom? Hierdie vrae is baie belangrik in ons verhouding met God.

Almal van ons weet dat God ons Skepper is. Maar wat presies beteken dit vir ons? Genesis 1: 26-27 maak dit duidelik. Die vyfde skeppingsdag het God gesê: 'Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis….. En God het die mens geskape na sy beeld; man en vrou het Hy hulle geskape'. God praat hier as die Skepper-Koning met die inwoners van sy hemelse koninkryk. Om 'na die beeld van God gemaak te wees' beteken dat ons respek en eer werd is, en regverdig en heilig gemaak is. Dit is ongelooflik! Ons is na die *beeld* van God geskape. Na die beeld van ons Almagtige Skepper! Romeine 8:29 sê 'gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun', en eendag sal ons aan Hom gelyk wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is (1 Joh. 3: 2). Ook ons het die opdrag gekry om oor die aarde te heers. Nie die plante of diere het die opdrag gekry nie, maar ons, die mens. Dis omdat ons God se Koningskap oor Sy skeppingswerke verteenwoordig en dat ons die Skepping se volle potensiaal sal besef en so God daaroor en ook daardeur prys.

In Jesaja 45:5-12 kom dit duidelik na vore Wie God vir ons is. Hy is die Enigste God; buiten Hom is daar geen ander nie. Hy het alles geskape, en Hy sorg vir Sy kinders. Vers 8 illustreer hoe goed God vir ons sorg. Die reën wat neerval dui op oorvloed, die Here sal sy volk verlos, en eendag sal vrede en geregtigheid seëvier. Ons word ook gewaarsku om nie met ons Formeerder te

stry nie; wie is die potskerf om die pottemaker te bevraagteken? Hy gee bevel aan die ganse leërskare, en Sy hande het die hemel uitgespan (Jes. 45: 12). Maar soos die bekende verse in Mattheus 10 sê: Die mossies maai en saai nie, maar tog het hul altyd kos, want die Vader in die Hemel sorg vir hulle. Maar ons is baie meer werd as die mossies (vers 31)!
God het niks nodig van ons nie. Dit sien ons in Psalm 50, waar Hy sê dat al sou Hy honger wees, Hy ons dit nie sal sê nie want al die diere van die bos is Syne, asook die vee op die berge (vers 10). Die wêreld is Syne, en die hele volheid daarvan. Hy het dit geskep!

Koning Dawid spreek homself uit oor hoe wonderbaar ons is in Psalm 139. Ons is wonderbaar geskape! En ons weet dit. Ons is 'kunstig geweef in die dieptes van die aarde' (vers 15). God het moeite gedoen met die skepping van die mens, en ons kan met niks anders as ontsag, eerbied en vrees daarna kyk nie. Hoe kosbaar is God se gedagtes dan nie! Hoe geweldig is hul volle som nie (vers 17)!

In Jesaja 40 vra die profeet of enigiemand die Here gehelp het om die heelal te skep. Het iemand Hom raad gegee, of onderrig? Wie is gelyk aan Hom? In verse 12-26 illustreer die profeet die grootheid van God en Sy skeppingswerke. Hy kan alles tot niet maak in 'n oogwink. Met wie kan ons Hom vergelyk? Hierdie is almal retoriese vrae wat die profeet stel. Die antwoord is tog duidelik en vanselfsprekend! Hy maak die wêreldheersers tot niet, Sy storm voer hulle weg soos stoppels in die wind (vers 24). Vers 26 hou vir ons 'n groot troos in: 'Hy roep hulle (Sy leërskare) almal by die naam, daar word nie een gemis nie'. Dit is wat ons van Hom mag verwag. Hy kyk ons nooit mis of vergeet ons nie, by Hom is ons nie net 'n nommer nie.

In Job 38 herinner God Job daaraan dat Sy wysheid en almag bo dié van mense is en dat die mens se wysheid nie naby dié van Hom kom nie. Wie was daar toe God die aarde gegrond het? Wie het die afmetings bepaal of die hoeksteen gelê? Wie gee wind, reën en hael? In die hele hoofstuk 38 en die eerste gedeelte van hoofstuk 39 vra God aan Job sulke vrae. Dit wys ons weereens op ons nietigheid. En dis ook hoe Job God antwoord in 39:37: 'Kyk, ek is te gering. Wat kan ek U antwoord? Ek lê my hand op my mond'. Wie kan voor God standhou? Hy kan alles doen, en niks is vir Hom onuitvoerbaar nie (42:2).

Psalm 8 is baie bekend en het die opskrif 'Wat is die mens?' Die psalm illustreer die nietigheid van die mens. Daarom vra Dawid in vers 5 'Wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek?' Sy skeppingswerke wek verwondering op by die mens, en ons is geskape net 'n klein bietjie minder as goddelike wesens (in die sin dat ons nie engele is of al in die hemel by God woon nie)(vers 6). Maar nog steeds mag ons heers oor die werke van Sy hande en het Hy als onder ons voete gestel. Dis 'n geskenk van God!

Sy ewige krag en Goddelikheid kan van die skepping van die wêreld af in Sy werke verstaan en duidelik gesien word (Rom. 1:19-20). Alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. In Hom hou alle dinge stand (Kol. 1:15)! In 1 Tim. 4:4 sê Paulus dat alles wat God geskape het, goed is. Omdat God elkeen van ons self gemaak het, mag ons weet dat Hy ons lei en bewaar. Hy is persoonlik betrokke by ons elkeen en altyd naby. Daarom mag ons 'n persoonlike, direkte verhouding met Hom hê en weet dat Hy ons sal gee wat goed is vir ons. Alleen Hy weet dit! Hy kom altyd Sy beloftes na, en daaraan mag ons altyd vashou. Ons is Sy kinders en daaruit lei ons af dat ons baie vir Hom beteken! Selfs die hare op ons hoofde is almal getel. Hy hou Sy skeppingswerke in stand en sal ons, Sy kinders, ook nooit alleen laat nie.

O Here, onse Here, hoe heerlik is U Naam op die ganse aarde!

*It is not that important to know **who** you are*
*but rather **Who's** you are.*

Oppad

Die Bybel is die Woord van God

Corlia Drijfhout

Die Bybel is die Woord van God. Ons glo dit, maar waar kry ons die sekerheid? Hierdie sekerheid dat die Bybel **God** se geskrewe Woord is, is nie in die kerk of in die gelowige self geleë nie. Nee, dit is geleë in die Heilige Skrif. Ons vind dus die bewys daarvan in die Bybel self.

In II Sam. 23:2 sê Dawid: "Die Gees van die Here spreek in my, en Sy woord is op my tong". Net so weet die Psalmdigters en die skrywers van die Wysheidsboeke (Spreuke, Job, Prediker) dat dit die Here is wat deur hulle spreek (Ps. 110, Job 38, Pred. 3). Die Bybel is die Woord van God, omdat die Bybelskrywers op bevel van die Here geskryf het. Jer. 36:2 "Neem vir jou 'n boekrol en skrywe daarop al die woorde wat Ek met jou gespreek het…". Die Here Jesus het ook getuig dat die Ou Testament God se Woord is. Hy het gelees uit die boek van die profeet Jesaja. Lukas 4:21 "Toe begin Hy vir hulle te sê: Vandag is hierdie skrif in julle ore vervul."

Die Heilige Gees getuig in ons harte dat die Bybel die Woord van God is en dus die waarheid. Die Heilige Gees gee dus aan ons die oë om te sien dat die Bybel volgens eie getuienis die Woord van God is (Artikel 5 NGB). Die vervulling van die profesieë bewys ook duidelik aan ons die waarheid van die Bybel.

Die Heilige Skrif het **Goddelike gesag**, omdat die Heilige Gees die skrywers geïnspireer het en God self die toespreker is. Daarom redeneer dit nie met ons en diskusseer dit ook nie, maar sê net: só is dit en nie anders nie. Daarom is daar vir ons maar een pad, die pad van geloofsgehoorsaamheid aan die Bybel. Ons kan die Bybel nie kritiseer nie – die Bybel kritiseer ons. Ons kan die Bybel die Heilige en Goddelike skrif noem, want Hyself het met Sy vinger die twee tafels van die wet geskrywe. (Exodus 32:16 "En die tafels was die werk van God. Die skrif was ook die skrif van God, in die tafels gegraveer.")

Volgens artikel 29 van die Nederlandse Geloofbelydenis is die kenmerke waaraan ons die ware kerk kan uitken die volgende: "Wanneer die kerk die evangelie suiwer preek, die sakramente suiwer bedien soos Christus dit ingestel het en die kerklike tug gebruik om die sondes te straf – kortom, wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp en Jesus Christus as die enigste Hoof erken." "Wat die valse kerk betref: dit skryf aan homself en sy besluit meer mag en gesag toe as aan die Woord van God." Dit is dus duidelik dat die Woord van God met gesag gepredik moet word. En hierdie Woord wat met gesag gepredik word, moet deur die gelowiges uitgedra en toegepas word op alle lewensterreine. So kry die Woord van die Here gesag in ons huise, op skool, universiteit of kollege, in die samelewing, in die maatskaplike lewe en ook in die wetenskap. Matt. 5:16 "Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik." Daarom bely ons dat ons al hierdie Bybelboeke aanneem as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grond en daarmee te bevestig (Art. 5 NGB).

Die Heilige Skrif is vir ons **noodsaaklik**. God self het sy woord vir ons nodig geag, sodat ons Hom sou ken, die enige waaragtige God en Jesus Christus wat Hy vir ons gestuur het. Ons sou nie in staat wees om die enige waaragtige Verbondsgod te ken as Hy Hom nie aan ons geopenbaar het nie. Die Bybel bevat die wil van God volkome. Dit beskryf breedvoerig die wyse waarop God deur ons gedien moet word, sodat ons kan weet hoe ons, deur die Heilige Gees gelei, moet wandel in die weë van die Here. God se woord is nodig om ons te sterk teenoor die leuen en dwaalleer. Altyd weer kan ons 'n beroep doen op God se Woord.

Elke gelowige kan in God se Woord vind, helder en duidelik, wat hy tot God se eer en vir sy saligheid nodig het. Die skrif is dus nie 'n

geslote huis waarvan die sleutel in die hande van die kerk is, soos die Roomse kerk leer nie. God se Woord is 'n **lamp vir ons voet** en 'n **lig vir ons pad** (Ps. 119:105). God neem in Sy woord die sluier weg sodat hulle wat deur God se Gees gelei word, kan sien!

Die Heilige Skrif is **volkome** en **volmaak**. Ons mag aan die Skrif niks byvoeg en ook niks weglaat nie. Dan sal ons wyser probeer wees as God. Die Here spreek self sy oordeel uit oor elkeen wat iets wil byvoeg tot of weglaat van Sy Woord (Openb. 22:18,19). Die kerk van die Here sal deur al die eeue heen genoeg hê aan die Woord van die Here, voor watter vrae en probleme hy ook gestel mag word.

Ons mag bid en vra dat God ons lewe so sal lei dat Sy Heilige Woord die enigste **reël** en **rigsnoer** van al ons planne en besluite sal wees, sodat alles strek tot eer van Sy Naam.

Ons belydenisskrifte

Marcel du Plessis

Ons as belydenis-kerk
As lidmate van dieselfde kerke glo ons almal dieselfde waarhede, soos ons dit uit die Woord van God lees. Ons is nie 'n klompie mense saam wat elkeen maar glo soos hy wil nie, want dan sou ons nooit 'n getuienis teenoor die wêreld kon lewer nie en sou ons ook nie weet wat reg en verkeerd is nie.

Al die lidmate van ons kerk lê openbare belydenis van geloof af waarin ons sekere dinge bely as die inhoud van ons geloof. Sonder die belydenis kan jy dus nie 'n volwaardige lidmaat van die kerk wees nie.

Ons Belydenisskrifte
Die leer van ons kerk word uitgedruk in drie geloofsbelydenisse (nl. Apostoliese Geloofsbelydenis in +150 n.C., Geloofsbelydenis van Nicea in 381 n.C. en die Geloofsbelydenis van Athanasius in 500 n.C.) afkomstig van die vierde eeu na Christus en drie belydenisskrifte (nl. Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en Vyf Dordtse Leerreëls) wat kom uit die tyd van die Hervorming.

Geskiedenis agter die Gereformeerde belydenisskrifte
Toe ek die artikel getik het, het ek weereens besef dat die geskiedenis agter die opstel van die belydenisskrifte tog belangrik kan wees. In die verlede het ek aanhalings gebruik uit die geskrifte om my punt in 'n bespreking met ander gelowiges wat nie lidmate van die VGK is nie te stel. Met groot vrae oor waar die geskrifte dan vandaan kom word gevra. (Asof dit een of ander kettery is!)

Ek vind dat omdat ons met die belydenisse groot word ons soms vergeet waar dit vandaan kom. Dit is egter nie die belangrikste nie maar tog belangrik. So hier volg 'n kort opsomming van die geskiedenis:

Nederlandse Geloofsbelydenis

Op 2 November 1561 is 'n verseëlde pakket in die voorportaal van die kasteel van die landvoog van Doornik ingegooi waar die "kommissarisse" juis bymekaar was om te beraadslaag hoe om die Protestante, wat as onrusstokers beskou is, op te spoor. In die pakket was 'n hartroerende brief ter verdediging van die saak van die Protestante en 'n "geloofsbelydenis" waarin duidelik gesê word wat hulle eintlik glo.

Gou is vasgestel dat die belydenis afkomstig is van 'n vurige leier en moedige prediker van die Hervormers in Doornik, naamlik Guido de Bres. Die stad was omsingel en hy is gevange geneem. Op 31 Mei 1567 het hy as martelaar aan 'n galg gesterf.

Sy belydenis het steeds voortgeleef en was reeds in 1565 in die suide van Nederland aanvaar en nie lank daarna nie was daar van predikante verwag om dit as bewys van hul regsinnigheid te onderteken.

Uiteindelik het die belydenis gesig gewys by die groot sinode in Dordrecht waar dit twee keer voorgelees was en krities bespreek is. Dit was effens gewysig en as 'n belydenisskrif van die kerk, wat berus op die Woord van God, aanvaar.

Heidelbergse Kategismus

Dié belangrike Belydenisskrif is in opdrag van Koning Frederik III van die graafskap Palltz in Duitsland opgestel. Hy wou sy land volgens die beginsels van die Hervorming inrig en alle leërverskille beëindig. In 1560 het hy 'n aantal

geleerdes opdrag gegee om 'n leerboek op te stel waaruit die volk in die godsdiens onderrig kon word.

Die eintlike opstellers van die boek was Casper Olevianus en Sacharias Ursinus.

Die indeling van die Kategismus is in drie dele, naamlik: SONDE, VERLOSSING en DANKBAARHEID. Dit kan teruggevoer word tot Paulus se brief aan die Romeine.
(Sonde: Rom. 1:18-3:20, Verlossing: Rom. 3;21-11:36 en Dankbaarheid: Rom. 12-16. vgl. ook: Ps. 130:3, 4; Hos. 14:3; Rom. 7:24, 25; Ef. 5:8)

Ook hierdie belydenisskrif is op die Nasionale Sinode van Dordrecht aanvaar en erken as Formulier van Enigheid.

Dordtse Leerreëls

Hierdie geskrif is nie net deur die sinode van Dordrecht goedgekeur nie maar ook daar opgestel. Daar was 'n lang stryd tussen die aanhangers en opvolgers van 'n sekere *Arminius*, die *Remonstrante* genoem, aan die een kant en die aanhangers van *Gomaris*, die *Kontra-Remonstrante*, aan die anderkant.

Arminius het 'n verskil in sienswyse oor die uitverkiesing gehad as wat in die Nederlandse Geloofsbelydenis gestaan het. Uiteindelik is besluit om 'n sinode te hou oor die saak en is die afgevaardigdes op 1 November 1618 te Dordrecht in Nederland saamgeroep. Daar was ook buitelandse afgevaardigdes uit Engeland, Palt, Hesse, Switzerland, Oos-Friesland en Bremen.

Nadat beide kante se sake gestel is het die Sinode die vyf leerreëls opgestel waarin die beskouinge van die Remonstrante afgewys is, en elke keer, na 'n positiewe stelling van die suiwere leerstukke, is dan ook 'n "verwerping" van die gedagtes van die Remonstrante (Arminiane) bygevoeg.

Die waarde van belydenisskrifte
Die Belydenisskrifte dien 'n baie belangrike doel, binne en buite die kerk, naamlik:

Na binne:
Dit snoer ons gelowiges wat eenders dink en glo saam tot 'n eenheid. Ons taak na buite sou soveel moeiliker gewees het as ons nie saam kon staan in ons eie gemeente wat betref ons siening oor die Bybel nie.
Dit formuleer baie mooi en duidelik uit DIE BYBEL self, WAT ons glo en WAAROM ons dit glo.
Dit help ons om die suiwere leer van geslag tot geslag oor te dra.

Na buite:
Ons kan deur die hulp van die geskrifte ons suiwere leer van die Bybel verdedig.

Dit alleen is 'n getuienis in die wêreld en 'n duidelike verwerping van dwaling en kettery.

Slot
Self kan 'n mens maklik die geskrifte aanvaar en eenkant wegsit as afgehandel. Ons almal in die gemeente glo tog egter dat die geskrifte die waarheid is en gebruik ons dit weekliks in ons kerk. Maar kan ons dit dan prakties gebruik in die lewe van mekaar en ander buite ons gemeente?

Uit eie ondervinding word ek baie onder vriende gekonfronteer oor sekere geloofspunte en sienings oor Die Bybel. Dit is dan nie net sommer vriende nie, maar ook gelowiges. Baie keer kan so 'n gesprek in chaos ontaard. Dit het my laat besef hoe verwar hulle eintlik is! (Selfs die lede van die NG kerk, wat die geskrifte vroeër self gebruik het met katkisasie, weet nie wat dit is nie.)

As so 'n gesprek ontstaan in 'n groot groep bly die meerderheid oor die algemeen stil. Dit is dan weens onkunde of 'n vorige slegte ervaring van 'n soortgelyke bespreking. Ek dink dit is die maklikste vir ons as Gereformeerdes om die korrekte siening te hê in so 'n gesprek en die moeilike is dan om dit aan die ander oor te dra.

Veral met vrae soos:

As die Bybel die volmaakte volledige Woord van God is, waarby ons niks mag wegvat of voeg nie, hoekom heg ons soveel waarde aan die belydenisskrifte?

Die geskrifte maak eintlik ons werk baie makliker aangesien dit ontstaan het deur dieselfde vrae van eeue gelede en wat nou weer aan ons gestel word. En dit bewys weereens dat die vrae hulself altyd sal herhaal. Ons as gelowiges moet die genade van God hierin sien en die genade gebruik om medegelowiges wat verward en soekend is te help.

Voel jy ook so?

Orgaanoorplanting, is dit geoorloof?

Henrike Ros

Vandat die eerste orgaanoorplantings uitgevoer is - in 1877 is 'n kornea oorgeplant, die eerste nier-oorplanting was in 1954 en die eerste hartoorplanting in 1967 deur Chris Barnard - is daar al talle orgaanoorplantings gedoen. Dit sluit in: hart-, lewer-, niere-, beenmurg-, milt-, longe-, kornea- en pankreas-oorplantings. Hierdie operasies het verskeie mense 'n tweede kans vir/in/op die lewe gegee. Maar is dit reg? Mag ons dit doen? Wat sê die Bybel hieroor?

In Mattheus 5:29-30 maak Jesus vir ons duidelik hoe waardevol ons liggame is:

"As jou regteroog jou dan laat struikel, ruk dit uit en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie. En as jou regterhand jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie."

Ons het ook opdrag gekry om ons liggame op te pas. Ons liggame is instrumente van God. In Rom. 6:13 en 12:1 sê die apostel Paulus die volgende:

"En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God."

"Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer – dit is julle redelike godsdiens."

In Johannes 15:12-13 wys Jesus op Sy liefde vir ons - Hy sal selfs Sy lewe vir Sy vriende aflê, 'n groter liefde as dit het niemand nie. Beteken dit dat ons wel ons organe mag skenk? En as ons organe mag skenk, mag ons ook bloed skenk? Kan orgaan-skenking gesien word as dieselfde as wanneer 'n mens jou lewe vir iemand aflê? Deur ons organe te skenk kan ons ander daardeur help, of dit nou is sodat hulle weer kan sien of sodat hulle liggame gesonder kan wees. Ons moet immers ons naaste liefhê soos onsself. Maar, wanneer ons dan ons organe skenk moet dit met die regte redes wees. Ons moet dit uit liefde vir ons naaste doen. Ons mag nie ons lewens daardeur in gevaar stel nie. In Genesis 3:19 sê God vir Adam dat hy stof is en dat hy tot stof sal terugkeer. Is orgaan-skenking dan nie beter as om jou organe na stof te laat terugkeer nie? Of is dit wat God van ons vra?

Orgaanoorplantings kan daartoe lei dat mense vereer word of dat mense verafgod word omdat hulle die persoon se lewe gered het. Hierdeur word God geminag en onteer. Mense dink dan dat dit hulle is wat so goed is en word daarvoor vereer. Die mens word afvallig van God en hy stel sy vertroue in aardse dinge. Hier is dit ook nie meer 'n geval van naasteliefde nie, maar slegs vir eie gewin. Hulle waardeer ook nie meer die talente wat God hulle gegee het nie. Ons moet ons talente ontwikkel, maar op 'n christelike manier.

As ons nie ons organe mag skenk nie, mag ons dan van geneesmiddels gebruik maak? Want deur middel van orgaan-skenking en -oorplanting gee ons die persoon 'n tweede kans op die lewe. Is dit dan nie asof ons self besluit wie gesond mag word of wie langer mag leef nie?

Sommige mense sê dat orgaan-skenking die opstanding uit die dood uit in gedrang bring. Maar dit is nie waar nie, want die opstandings-liggaam is 'n verheerlikte liggaam en van die gebreke van 'n mens se liggaam voor jou begrafnis sal daar geen teken van wees nie.

Ons mag God loof en dank vir ons wonderlike liggame wat Hy aan ons gegee het. Ons mag ons naaste in liefde dien!

Die doel

Johan de Vente

Watter doel? Wie se doel? Hoekom 'n doel? Wat is die doel?
Dis redelik algemene vrae wat ons baie vra, vir onsself of/en vir ander. Ons vra dit meestal as ons met iets besig is of as ons iets wil begin, bv. 'n projek, opdrag, studie, werksgeleentheid en daar is nog vele meer voorbeelde. In hierdie artikel wil ek baie praktiese riglyne gee om 'n struktuur te gee aan iets wat jy begin het of waarmee jy besig is. Of dalk iets waarmee jy begin het, maar jy weet nie presies hoe verder nie.

Voordat ons na die model gaan kyk is dit belangrik dat ons moet weet wat ons doel as kinders van die Here hier op aarde is. Dis nie alleen belangrik om dit te weet nie maar dat ons ook elke dag lewe vir die doel.

Wat is ons primêre lewensdoel hier op aarde?
Kortom: dat ek my hele lewe in nederigheid tot eer van die Drie-Enige God sal lewe, in liefde vir God en my naaste sal lewe en dat ek al my gawes en talente sal gebruik tot opbou van sy Koninkryk en tot voordeel van my naaste.

As ons dus die doel soek van iets wat ons wil aanpak of mee besig is, is dit belangrik dat dit inpas by ons doel waarvoor ons hier op aarde is en dat ons, ons lewe deur Hom laat lei.

Hier volg die praktiese stappe en soms 'n voorbeeld ter verduideliking:

Stap 1: Definieer die doel.
Watter doel of mikpunt wil jy bereik? Vat 'n pen en papier en skryf dit neer. Hou dit kort en kragtig. In 'n paar woorde moet jy dit kan definieer. Dis ook belangrik om die tyd waarin jy die doel wil bereik vas te stel.

Stap 2: Realiteit
Waarskuwing! Hierdie stap gaan jou jou doel laat heroorweeg of her-oordink. Ons het nou klaar "ge-lugfiets". Gaan kyk na die doel wat jy jouself of julle gestel het. Is die doel haalbaar met die tyd wat dit gaan neem om dit te bereik? Gaan daar genoeg samewerking wees? Gaan jy oor 'n paar maande nog steeds so entoesiasties en energievol wees soos nou? Soms of baie keer sal jy die doel moet bystel en verander. Dis nie die bedoeling om jou te ontmoedig nie, maar dit dwing jou om te gaan dink wat jy wil doen en bereik en ook hoekom jy dit wil doen.

Stap 3: Middele / Opsies
Dis belangrik om bewus te wees van die moontlikhede wat daar is om jou doel te kan bereik. Wie of wat gaan my help? Waar kan ek dit doen? Gaan daar tyd wees om dit te doen? En wat gaan finansieel gewys die beste opsie wees? Die middele wat ons het en wil gebruik moet ons vooruit help. Jy wil stappie vir stappie vorder.

Stap 4: Aksie
Dis die laaste stap. Voordat ons dus oor wil en kan gaan tot aksie sal ons deeglik bewus moet wees van wat die doel inhou. Hoeveel keer begin ons iets of is ons met iets besig en dan val dit iewers langs die pad plat. Hoekom? Het ons deeglik gaan nadink oor wat ons wil doen en hoekom ons dit wil doen? As jy 'n mikpunt of doel het dan kan jy tydens jou aksies ook meet hoe ver of hoe naby jy aan die doel is. Dis waar die vraag in kom, wanneer is jy produktief of onproduktief? Het dit te doen met die verhouding van dit wat jy insit en dit wat jy uitkry? Nee, produktief is dat elke stap my nader bring aan my doel. Hoe meet ek produktief wees of nie? Deur vooraf kriteria te gaan vasstel en daaraan te voldoen.

Verandering
Die model se doel is om ons meer bewus te maak van dit waarmee ons besig is. Hoekom doen jy dit? Dit wil nie sê dat jy nou 'n klomp dinge moet gaan verander omdat jy die doel van iets nie meer insien nie. Dis daar waar ons versigtig moet wees met verandering. Ons moenie domweg 'n klomp dinge gaan verander omdat ons lus is vir iets nuuts nie of omdat die winde van verandering waai nie. Voor daar verander kan word moet ons deeglik gaan kyk hoekom dit in die verlede so was en ons moet bewus wees dat verandering se vereistes verbetering en volhoubaarheid is.

Om te onthou
As jy hierdie model gebruik is dit belangrik dat jy nie een van die stappe mis nie. As jy 'n stap gemis het, gaan terug na stap 1. ☹
Hierdie model is nie die een en al nie, maar ons kan dit gebruik vir 'n wye spektrum van situasies. Wees dus versigtig en wees altyd bewus van ons primêre doel op aarde. Gebruik die Bybel as fondament waarop jy jou lewe bou. Onthou dat jy in alles van Hom afhanklik is. As ons dinge wil aanpak en/of beplan, laat ons bly bid: Laat nie my wil nie, maar U wil geskied.

As jy meer oor hierdie onderwerp wil weet, vrae het of kommentaar wil lewer, is ek enige tyd oop daarvoor.

Het jy 'n verdraaide beeld van God vir jouself geskep?

Bianca Nicholson

Deur die eeue heen was die mens op soek na 'n "opperheerser". Nie almal het ons God geken nie. Mense dink vir hulself afgode uit wat voorkom in allerhande vorme. En selfs Israel wou nie altyd alleenlik vir God dien nie.

Ons eie behoeftes en begeertes op finansiële vlak word belangriker as dit wat God vir ons wil hê. Daar is die behoefte om gesondheid en voorspoed; mense is behep met sukses, geld en ontspanning. Dit is maklik om 'n afgod te maak van aardse besittings en dan raak God in ons oë minder belangrik; m.a.w. 'n verdraaide beeld wat ons vir onsself geskep het. Dan vergeet ons dat ons van Hom afhanklik is vir als wat ons in die lewe ontvang. Soos wat daar staan in *Johannes 6:63: Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe.*

Ons het almal al in Musica in geloop. CD's is duur. Jy sien 'n CD wat jy graag sal wil hê en onthou dan eweskielik: 'O, 'n goeie vriend van my besit dit.' Jy gee vir hom 'n leë CD en kry 'n gekopieerde een terug. Tog weet ons dat dit onwettig is om CD's of rekenaarprogramme of DVD's te kopieer en dat dit steel is. As ons onsself skuldig maak hieraan is dit nie net teen die land se wette nie, maar teen die wil van God. As ons dit ontken is daar ernstig fout. Dit is 'n feit dat dit net soveel geriefliker is om dit te kopieer as om enigiets vanaf R100 – R1000 uit te gee (die redenasie is mos: 'Hoekom koop as jy dit verniet in die hande kan kry?'). Dan begin ons allerhande verskonings uitdink ('Ja, maar, die musikant maak tog in elk geval so baie geld… Ek kan die geld skenk vir haweloses…'). Die versoeking is groot.

Die mens wil ook sy eie emosionele behoeftes bevredig. Daar is 'n populêre teorie onder moderne "denkers" dat die mens sy innerlike godheid moet uitleef en dat God net daar is om die mens te dien en om die mens se waardigheid te bekragtig. Dit is nou wel nie 'n teorie waarmee ons elke dag intensief gekonfronteer word nie, maar dit sluit aan by die feit dat ons baie keer ons eie persoonlike belange meer op die hart dra. Dit is ons wat God moet dien met als wat ons doen. Hy is nie daar om ons emosionele behoeftes te bevredig nie.

Daar is teoretici wat vas glo dat God mense van alle godsdienste red (of jy nou Moslem, Hindoe, ensovoorts is) terwyl God dit tog heel duidelik in sy woord anders stel. *Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur my nie (Johannes 14:6)*. Net omdat dit weereens meer gerieflik is om God so te aanskou. Dit is al so ver verwyderd van God se Woord dat dit nie meer suiwer en as Christelik beskou mag word nie. Tog noem sulke mense hulself gelowig.

Of daar is dié wat God sien as "die God van my seksuele voorkeur". Die wêreld het al so ver gekom om te sê dat God huwelike tussen mense van dieselfde geslag goedkeur; die Skrif word gebruik om dit te regverdig.

Bogenoemde is natuurlik radikale voorbeelde van hoe God se Woord verdraai word, maar dit gebeur in ons eie lewens, soms sonder dat ons dit besef. Of ons beskou dit as "te min" verdraai om regtig saak te maak. Dan maak dit ook nie saak of die voorbeelde wat sover genoem is op jou van toepassing is of nie, want daagliks dink ons verskonings uit en gaan net voort. En dit is nie hoekom God se Woord vir ons daar is nie. Die stryd teen die sonde is moeilik, dit weet ons almal, maar dit raak veral gevaarlik as ons iets so verdraai het en nie eers bewus is daarvan nie. Dan is die probleem ook baie keer ontkenning. Ons ontken dat ons sondig, terwyl die waarheid tog heel konkreet is. En met ontkenning kan daar tog ook geen berou wees nie.

Dit wat God vir ons in Sy Woord sê is heilig. Dit is die wil van ons Almagtige God en dit mag nóg geïgnoreer, nóg verdraai word. Om God se woord te verdraai is dus gelykstaande aan om God te "maak" wat ook al ons wil hê Hy moet wees.

Dit is makliker en meer gepas vir mense om dit wat in die Bybel staan te verdraai as dit hulle nie pas nie; hulle maak dit meer relevant en van toepassing op hulself, maar in der waarheid is hulle besig om God 'n oneer aan te doen. Dit is 'n vorm van afgodediens om God te sien hoe ons Hom wíl sien. Want ons is immers sondige en minderwaardige skepsels.

Ons begin baie keer by onsself en redeneer dan opwaarts, en dan maak ons 'n afgod. Daar is die versoeking om God so te sien op 'n manier wat bloot foutief is of op so 'n manier wat Hom

nietiger maak as wat Hy is. Daar is baie van God wat ons nie weet nie – dit sal ons wel in die Ewige Lewe uitvind – maar vir nou weet ons dit was ons nodig het om te weet. Dit is nie nodig om God op 'n ander manier te sien nie, want dit wat Hy vir ons in sy Woord openbaar is genoeg.

As Christene glo ons nie net in " 'n god" nie. Nee. Ons glo in die Almagtige Drie-Enige God. Die Lewende God *(Ps. 115)*. God, die Vader, ons Skepper met sy Heilige en onfeilbare woord – 'n Woord wat ons nie mag verdraai sodat dit ons pas nie. God, die Seun, ons Verlosser, wat ons red van ons onvermoë om God se Woord volkome na te kom. En God, die Heilige Gees, ons Trooster en die bewerker van liefde en geloof in ons harte, wat ons versterk as die las te swaar raak. Lees gerus Romeine 7. Paulus se woorde in hierdie gedeelte is 'n groot troos.

KONGRES 2006

Toekomsverwagting en Christelike lewenstyl

- Kryn Haak

By die oordenking van hierdie onderwerp sal die alombekende teks 1 Kor. 13:13 oor geloof, hoop en liefde sekerlik nie boaan ons lysie staan nie. En tog het hierdie teks alles te doen met ons lewenswandel en lewenstyl. Elke Sondag bely ons ons geloof by die aanhoor of sing van die Apostoliese Geloofsbelydenis. Hierdie geloofsbelydenis sê niks oor wat ons moet doen nie, maar gaan net oor wat God gedoen het. Dit sê ook alles oor ons lewe in totale afhanklikheid van God. Dit is alles bepalend vir ons Christelike lewenstyl. As ons dan gaan kyk na hoe die Apostoliese Geloofsbelydenis eindig, sal ons sien dat dit ons wys op ons toekomsverwagting.

Die hoop wat beskryf word in Titus 1:2 en Titus 2:13 is nie iets wat miskien gaan gebeur nie of ons te beurt sal val nie. Ons hele lewe is gebou op hierdie salige hoop. Dit moet dan ook iets wees waarnatoe ons moet lewe. Die ewige lewe saam met Hom bepaal dan ook hoe ons met hierdie lewe sal omgaan en hoe ons met lyding sal omgaan. Ons sal dan 'n lewe van selfverloëning, navolging van Christus en van vreemdelingskap lewe, want ons burgerskap is mos in die hemel?

As ons dan 1 Jak. 5:1-5 en Matt. 5:20 lees dan sal ons ook onsself net soos die dissipels afvra: Wie kan dan gered word (Luk. 18:26)? Maar dan lees ons in Lukas 18:27 die blye evangelie: "die dinge wat by mense onmoontlik is, is by God moontlik". Dan lees ons die geheim in Joh. 15:9,10: "Soos die Vader My

liefgehad het, het Ek julle ook liefgehad. Bly in hierdie liefde van My. As julle my gebooie bewaar, sal julle in My liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde bly."

Die Heilige Gees en ons toekomsverwagting

Op Woensdag het oom Gert Klapwijk ons deur die Bybel gelei om ons oor die werk van die Heilige Gees in die Bybel te leer.

Ons is eers op verskeie tekste uit die Ou Testament gewys. Volgens Rigters 6 bv. het Simson sondes gedoen sodra die Heilige Gees hom verlaat het. Die Heilige Gees was aanvanklik met Saul, maar na voortdurende volharding in sondes het die Heilige Gees van hom gewyk. Die vraag het ontstaan of die Heilige Gees dus ook in ongelowiges se harte werk.

Die Heilige Gees was in die lewe van ons Here Jesus Christus werksaam. Maria het deur die Heilige Gees swanger geword (Luk.1:35). Met Jesus se doop het die Heilige Gees in die vorm van 'n duif op Hom neergedaal. Daarna het Hy Jesus na die woestyn gelei waar Jesus deur die duiwel versoek is (Luk. 4:1&2). Vader, Seun en Heilige Gees werk as 'n eenheid.

Ook in die Nuwe Testament is die Heilige Gees werksaam. Hy lei ons in die waarheid (Joh. 16:13). Hy is betrokke by ons wedergeboorte (Joh. 3:5). Besonder troosryk is dat Hy ons leer om te bid (Rom. 8:15&26).

Laastens het ons gekyk na ons toekomsverwagting. Ons mag nie weier om die werk van die Heilige Gees as Sy werk te aanvaar en erken nie.

Bespreking van vrae in kleiner groepe het gevolg. Een van die vrae was wat dit beteken om vervul te wees met die Heilige Gees. Nou verwant hieraan het ons die vraag: 'Hoe vind om Geesvervuld te wees uiting in ons daaglikse lewe?' behandel na aanleiding van Galasiërs 5:22. Ons het besef dat dit belangrik is om nie net op die negatiewe (wat ons nie mag doen nie) te fokus nie, maar veral op eienskappe soos om bly, getrou en selfbeheers te wees. Dit is belangrik dat ons in liefde met ons medemens omgaan en vriendelik is.

'n Verdere vraag was of ons lewensblyheid toon of dat ons bang is om charismaties oor te kom. Ons moet bly wees oor wat Christus vir ons gee en mag die blydskap uitstraal bv. deur saam te sing. Daar is onderskeid tussen 'n persoon wat Geesvervuld is en iemand wat sing en dans vir sy/haar eie genot en eer.

Ons het baie geleer en wil vir oom Gert dankie se vir die lesing.

Toekomsverwagting: Wetenskap en tegnologie

- Albert Groenwold

Geloof, wetenskap, Nina tegnologie, robotika… Dit is alles kernwoorde wat ons bestaan in 10 jaar definitief sal verander.

Ons het besef dat ons toekoms eintlik iets is waaroor mens baie min dink. Die verhouding tussen ons toekoms en geloof is dan ook die goue lyn – wat is ons toekoms sonder geloof en ons geloof sonder toekoms?

Konstante voortuitgang in tegnologie laat 'n mens onwillekeurig dink aan die mens en sy eie koninkryk. Sekere wetenskaplikes fokus dan ook net op hulle eie wêreldjie en dink dat die mensdom met al sy kennis alles kan en sal beheer. Konstante vooruitgang in tegnologie laat 'n mens weer opnuut dink oor hoe ver die mens regtig wil gaan om die ou Babel weer te herbou.

Temas soos die ewige lewe - aards of hemels – is bespreek op grond van sekere teorieë. Veroudering van ons menslike selle is dan ook die hoofrede hoekom 'n mens op die ou end van die dag nie meer verder kan lewe nie. Daarteen word tegnologie gebruik om die selle op te bou wat verhoed dat 'n mens verouder. Ouderdom asook afwykings word gesien as negatief vanuit 'n wetenskaplike oogpunt en alles word ingeskakel om die mens so na-aan perfek te kry.

Ons as gelowiges kan hierdie teorieë en visies nie net sommer afskryf nie. Baie daarvan is reeds tipe van bewys en vanuit wetenskaplike oogpunt honderd persent moontlik. Vanuit 'n Christelike oogpunt kan ons onsself afvra of alles eties is, maar hierdie sal egter realiteit wees in die volgende paar jaar. Iets waarmee ons kinders en kleinkinders definitief gekonfronteer sal word.

Ons houding daaroor kan ook binne ons eie kringe verskil. Bitter min mense weet genoeg daarvan af om daarvoor bang te wees, maar waarvoor moet ons bang wees? Ons Christelike lewenstyl moet dan ook gefokus wees op Christus, nie op wetenskaplike moontlikhede nie. God het die mens na sy ewebeeld geskape – intelligent – wat beteken dat ons definitief verantwoordelikhede dra in Sy skepping.

Ons het weereens besef dat elkeen verskillende toekomsverwagtings het op grond van blootstelling aan verskillende teorieë en/of gelowe. Ons as Christene se taak op aarde is dan ook om te bewoon en te bewerk, maar waar trek 'n mens die lyn tussen bewerk en bevordering van ninategnologie?

Ons toekomsverwagting as Christene bly steeds gefokus op ons Here – die ewige lewe! Alhoewel die mensdom steeds sal voortgaan, is alles en almal steeds in Sy hand…

Toekomsverwagting en Evangelisasie

- Ds Viljoen

Vroeër is sending gesien as 'n klein groepie avontuurlustiges wat ver in die onbekende met die evangelie wil werk. Geen sending het in die onmiddellike omgewing plaasgevind nie. Christene was beskaafdes en heidene was onbeskaafde barbare wat gekultiveer moes word. Evangelisering het plaasgevind met 'n meerwaardige houding. Die houding van diensbaarheid, wat kenmerkend van die eerste Christene was, het verdwyn.

Die afgelope eeu het die plek van die kerk in die samelewing verander. Waar vroeër die kerk en staat in noue kontak met mekaar was, staan die kerk vandag meer op die kantlyn. Moet ons hieroor trane stort of is dit 'n bedekte seën? Hierdie veranderde posisie gee uitdagings en moontlikhede. Teenswoordig is daar min mense wat lid van 'n kerk is, laat staan eredienste bywoon. Nou kan die kerk weer dienskneg wees. Sendingwerk is nou ook vir JOU, omdat die sendingsveld tot ons voorstoep gekom het.

Openbaring 11:1-12 gaan oor God se getuies op aarde in die periode tussen die hemelvaart en die wederkoms. Daar is 'n tempel waar God tyd en ruimte gee om die evangelie te verkondig (vs. 1-3), maar die tyd is nog nie verby nie. Die olyfbome en kandelare dui op die onbeperkte bron van olie (krag) wat die vlam (evangelie) brandende hou (vs. 4). God se beskerming beteken egter nie dat dit maklik sal wees nie, inteendeel, van die getuies sal sneuwel (vs. 5-11). Tog het ons 'n toekoms: die opstanding en hemelvaart (vs. 12).

Die volgende voorstelle is gemaak om diensknegte van die evangelie te wees:

- Wees nie pessimisties oor evangelisasie nie, maar positief.
- Fokus nie op jouself nie, maar op God en die krag van Heilige Gees.
- Besef dat jy ook die genade nodig het waarmee jy na ander toe kom.
- 'n Predikant is nie slegs óns herder nie, maar ook herder van die verlore skape. Hy moet op die frontlinie tussen kerk en wêreld werk.
- Gaan met jou geloof uit na die universiteit, werkplek, ens. Dit moet deel van jou lewe wees.
- Wees bewus van die roeping en taak van die plaaslike kerk.
- Die eredienste moet ongelowiges ook aanspreek, maar tog die diepte behou. Dink byvoorbeeld aan Jesus se gelykenisse.
- Leer om diensknegte van die evangelie te wees.

UIT: Die Olielamp, Jaargang 3 nr 4 - Junie 1999

Maak die lewe sin?

Erik van Alten

Ek dink dit is 'n *sin*volle vraag. Wie van ons kry nie so nou en dan 'n afdag waarop alles verkeerd loop nie? Dan kom die vraag onwillekeurig by ons op: wat is die sin van dit alles? Vir sommige van ons is dit miskien 'n chroniese vraag; dit lyk miskien asof die lewe niks goeds het om aan jou te bied nie. Wel, miskien is jy reg; miskien het die lewe niks om aan jou te bied nie. Maar as jy gedink het die lewe kan jou iets bied, dan soek jy by die verkeerde plek. Jy moenie by die **l**ewe gaan soek nie, maar by die **L**ewe.

En wat gebeur dan as jy die sin van die lewe by die Lewe gaan soek?
Kyk bietjie na die volgende scenario's:

- Jy is 'n uitstekende sportman en jy kry na baie harde werk en sweet jou beloning: jy word verkies tot die Springbokspan. Of: jy staan in die supermark en jy sien hierdie tannie sukkel met haar pakkies; jy stap nader en help haar om dit na haar motor toe te dra. Die dankbaarheid straal uit haar oë wanneer jy haar groet. Watter een gee meer sin aan die lewe?
- Jy is die hele aand uit saam met vriende; julle kuier lekker, drink 'n paar drankies, dans lekker en lag dat die trane loop. Of: jy gaan kuier by 'n vriend; julle deel julle hartsgeheime, praat oor probleme, openbaar julle diepste wese en as vriende kan julle mekaar bemoedig en versterk. Watter een gee meer sin aan die lewe?
- Jy is 'n werkende persoon en jy werk elke aand laat om genoeg geld te maak om daardie nuwe motor te kan koop of, in geval van getroude mense, om vir jou gesin die beste te kan gee.
  Of: jy kom bietjie vroeër huis toe en besluit om gou vir jou ma die matte te stofsuig of om 'n slag vir jou vrou kos te maak. Watter een gee meer sin aan die lewe?
- Jy is die topstudent en jy fokus net op jou werk; jy kry dan ook uiteindelik die prys vir die beste student. Of: jy staan bietjie tyd af om daardie ou wat maar bietjie sukkel met die werk, te help. Watter een gee meer sin aan die lewe?
- Jy is 'n baie gewilde persoon en dit maak jou baie bly; jy word altyd gevra om op funksies te praat en jy word altyd na alles toe uitgenooi. Of: jy stop 'n slag en praat bietjie met een van die boemelaars wat langs die pad sit. Watter een gee meer sin aan die lewe?

Watter een kies jy by elkeen van hierdie scenario's? Dit gaan uiteindelik daaroor waar ons fokus lê. Jou fokus gaan jou keuse bepaal by elkeen van bogenoemde situasies. Kom ek gee 'n voorbeeld: ek is seker julle ken daardie klein apies wat in die dieretuin is. As jy hom van agter af bekyk, lyk dit nie baie aangenaam nie (vir dié van julle wat weet hoe die agterkant van 'n aap lyk). Maar bekyk hom 'n slag van voor af: dis die pragtigste gesiggie met die oulikste ogies wat vir jou loer. Dit bly dieselfde aap waarna jy kyk. Dis net 'n kwessie van fokusverskuiwing.

Ons fokus in die lewe moet reg wees. Ons fokus moet gerig wees op Christus, want Hy is die Lewe. Hy gee sin aan die lewe. En weet jy wat gebeur dan: dan 'worry' jy nie meer oor jouself nie, want dan het jy God bo alles lief en jou naaste soos jouself (Lukas 10:27). Want die eerste keuse by al hierdie scenario's het gefokus op jouself, op jou eie ek. Christus sê egter dat dit saliger is om te gee as om te ontvang (Hand. 20:35) Dis soveel meer lonend om te gee, want daardeur word God se koninkryk opgebou en Hy kry die eer. En jy? Jy, liewe mens, word o so ryk! Geestelik word jy bevredig! Gaan gee dan. Deel uit. Maar moenie gee van jou eie goed nie, want dis sondige goed, dis verkeerde goed. Gee van daardie rykdom wat jy by Christus gekry het; gee van die vrugte wat die Gees in jou werk. En doen dit in

Dit maak sin om die sin van die lewe by die Lewe te gaan soek!

oorvloed, want die Bron waar dit vandaan kom, is onuitputbaar.

Sien jy nou dat dit sin maak om die sin van die lewe by die Lewe te gaan soek? Jy vra nie meer wat die lewe aan jou kan bied nie, maar jy kan nie wag om aan die lewe te bied wat Christus vir jou gegee het nie. Jy kan nie wag om vir die lewe te gaan vertel dat daar hoop is in 'n wêreld wat vergaan van honger, oorloë en geweld nie. Jy kan nie wag om aan sterwendes te gaan vertel dat die lewe ná die dood heerliker is as wat die menslike verstand kan voorstel nie.

En dis nie net in jou wóórde wat Christus praat nie. Jou hele lyftaal praat evangeliese taal. Jy glimlag vir mense. Jy is vriendelik wanneer jy by die bank se inligtingstoonbank kom. Jy is geduldig wanneer jy in 'n lang ry moes wag om uiteindelik gehelp te word. Jy laat die ander persoon eerste ry wanneer julle saam by die stopstraat stop. Jy maak tyd om na daardie bedelaar met die drankasem te luister. (Let wel, ek sê nie jy moet elke keer vir hom geld gee nie; luister net na hom.)

Lees maar wat sê Galasiërs 5 oor die vrugte van die Gees. Wees daarom vrugbaar. Deur so te lewe slaan jy drie vlieë met een klap: jy gee aan God die eer, sy koninkryk word uitgebrei deurdat Hy miskien so genadig is om mense wat jou lewe raak sien, te bekeer, en derdens jy word self ongelooflik ryk. En tel gou hoeveel vlieë slaan jy met een klap deur net vir jouself te lewe en te kyk wat die lewe aan jou kan bied? Net een en dis jouself. Jy slaan jouself tot in die afgrond, die helse afgrond.

Laat ons daarom raaksien dat die sin van die lewe nie in jouself lê nie. Dit lê buite jouself in Christus. En dan gaan daar moeilike dae in jou lewe kom, maar bly hoop, want God sal die geknakte riet nie verbreek en die dowwe lamppit nie uitblus nie (Jesaja 42:3). Hy hou dit in stand tot eendag wanneer Hy die riet in sy koninkryk langs lewende waterstrome sal plant en die lamppit sal voed met olie sodat dit in alle glorie kan brand. Vir ewig!

Uit die mond van die suigeling

Hoe voel jy oor die feit dat die meisies die seuns moes vra vir kongres-ete?

Ronald Kamphuis: Hulle is te haastig!! Hulle kan wag tot die laaste dag.

Anneli van der Hout: Dis ons beurt om die seuns in spanning te laat sit.

Bianca Nicolson: Dis cool!

Fyma Eefting: Groot kompetisie.

Roelof Middeljans: Dis tyd dat die vroulike geslag dit al lankal moes raaksien en daaraan moes begin werk het. So dit verwek vrolikheid en is dus 'n goeie ding.

Rigardt Hoving: Anders, scary, sports. Sal liewer verkies om dit self te doen.

Janine Boessenkool: Interessant & anders.

Marie-Louise van den Bout: Hulle moes gehou het by die skrikkeljaar-tradisie.

Deur die sleutelgat

So, sleutelgatloerder...™ (alle regte voorbehou, geregistreerde handelsmerk van br. A de Vente)

'n Nuwe jaar en soveel wat op ons wag. Met so baie wat voorlê is baie mense huiwerig. Die grootste rede hiervoor is dat daar soveel met die afgelope feestyd gebeur het dat herinneringe nog sterk bruis deur jou hersens. Kop of stert kan nie daarvan gemaak word nie. Tyd was soos in films. Soms het alles verby gevlieg en soms het sekere oomblikke soos jare gevoel. Net om my teorie te staaf, kan jy herinner dat jy êrens toilet toe gegaan het? Nee, stellig nie. Orde sal weer heers, die ridder op die wit perd, die sleutelgat sal jou tot rus bring.

Rus was iets wat volgens my nie hoog op die prioriteitslys gekom het nie. Die opwinding het sy aanvang geneem die naweek voor kongres. Vroeër jare was dit al twee weke voor die kongres 'n broeines van aktiwiteit. Sekere doemprofete het al te gretig ons probeer wys maak dat die jeug nie meer kongres-koors kry nie. Alhoewel daar miskien 'n mate van waarheid in gesteek het, het die Gautengers besluit dat hul naam - en die kongres naam - op die spel is en in hul hordes opgedaag. Dankie, julle entoesiasme en geduld was hartroerend. Met krete van "Yes boytjie!" en "Stitch hom, pappie!" het die GP'ers, en met name Ronald se toerbus, by die kerk opgedaag. Uit spring Boudjies in die proses om 'n rugbybal te lanseer. Vervolgens 'n ruig boskasie blonde hare wat die een en ander degraderende grappies oor Bellville uitbasuin. Indien iemand gewonder het, dis Guido daai. Die res van die prosessie was al lankal daar en het gepopel om die "Most Amazing Show" op die pad te kry. Anja se retro bling-bling renault 5 met Kenwood 6-by-9's het soos 'n wafferse renoster sy pote oor die grond gekrap van ongeduld.

Die eerste aand was regtig "Trots Suid Afrikaans" (die tema van die kongres) met tegniese probleme wat die tydskema teruggesit het tot in die donker Afrika era. Voorts was daar ook snoek gebraai en teen so 10uur genuttig... In die voorafgaande ysbreker was daar nie veel ys om te breek nie. Samehorigheid was deurgaans 'n gegewe. Willem Kuivenhoven wou net deurgee dat hy yster kan buig, en Bianca dat sy van mans hou. Waarop ek instemmend my hoof geknik het. Wie hou nou nie van mans nie?? Later die aand was die sogenaamde "ontgroening" verby met kort opvoerings en 'n skoonmaak sessie in die koue laat nag. Te veel mense het nie die uiters briljante vertolking van Napoleon Dynamite gesnap nie want daar was net 'n handjie vol mense wat geskater het vir Christiaan se puik akteer werk toe hy "gefrustreerd" uitroep "Eat your food Tina! Eat your food!" en sy broek nog 'n meter optrek dat dit amper onder sy armpitte sit. Skitterend!

Die werkswinkels was goed. En ek draai nie nou doekies om nie. Die bywonings syfers was konstant 99%. As 'n mens dan die laat nagte en lae konsentrasie vlakke in ag neem kan jy nie anders as tot die konklusie te kom dat die werkswinkels puik was nie. Dankie sprekers!

Woensdagaand: Nagmars. Hierdie immergroen item het weer nuwe hoogtes bereik met bome se lengtes uitwerk mbv trigonometrie, chemiese eksperimente, moeilike vrae, ballon skiet in die pik donkerte en Elizabeth se organisatoriese vernuf. Ap het doodluiters met 'n enkele skoot die ballon getref terwyl hy met sy ander hand die Gneiss-polinoomreaksie neergepen het. Hy het na die afloop opgemerk dat dit nie ver verwyderd is van die wyle Texas Rangers se opleiding nie. Hoogste lof, dus.

Donderdagaand: Potjiekos kompetisie. Hier is die tema tot op 'n spits gedryf. Sewe groepe wat lukraak bymekaar gegooi was moes almal met dieselfde beskikbare ingrediënte 'n meesterwerk brou. Ake en Anne Groenwold was streng beoordelaars en dit het die geesdrif aangewakker tot 'n weghol veldbrand. Spangees, deelname, voorlegging, smaak, alles het getel. Tydens die gewerskaf het André de Vente die skares vermaak met sy legendariese toesprake oftewel "preke". Ek het my al lank verlustig op sy koms en hy het nie teleurgestel nie. Die preek het drie punte gehad en was dus baie gereformeerd! Ek weet nie meer wie presies almal aan die wenpotjie gehelp het nie maar dat Ewart en Roelof deel van die groep was het niemand ontgaan nie. Daarvan het hulle seker gemaak. Daar is ook sprake daarvan dat Ewart in sy huis 'n kamer gaan aanbou wat net sy Sertifikaat gaan bevat en een helder spotlight wat dit verlig. Kan nie wag nie...

Vrydag. Eerste op die agenda was daar Bybelspeletjies. Daar was hewig gespook met uiters moeilike opdragte. Helène, Modder uhmm Marlize, Henriette en Fijma het later soos vrot velle rondgelê van al die gedink. Poot uit. Alex en Ap se groep het vroeg tou opgegooi en kreatief te werk gegaan met 'n konstante

gegrinnik wat vreemd was. Die sin "Versekerd in diepte is die hoogte" het amper hulle die titel besorg ongeag 'n totale tekort aan regte antwoorde.

Daarna was daar weens 'n gebrek aan oop ruimtes 'n vlugbal kompetisie om te kompenseer vir die afwesigheid van sokker. Die voordeel hiervan is dat almal redelik op gelyke vlak kompeteer. Daar is steeds onsekerheid oor wie gewen het, maar niemand het regtig omgegee nie. Of dit nou die Damduikers (geen *komment*aar), the Killers (nie veel aggressie vertoon nie), the Dead Parrots (verbasende lewendige vertoning), die Saterdagspelers (ook nie sleg op 'n Vrydag nie) of wie ook al was; die snoepie het geseëvier. Danksy André se kommentaar tydens spel. Almal was eintlik al in droomland vis-a-vie kongres-ete.

Kongres-ete. Oor die algemeen het Kongres-etes my nooit aangestaan nie. Te veel verwagting, amper soos matriekafskeid en seniorballe en sulke snert. Altyd teleurstellend. Gee my maar eerder 'n braai, veel lekkerder. Gelukkig was hierdie nie jou normale kongres nie. Die hoofrede hiervoor was dat die dames vir die eerste keer in tien jaar weer die here moes vra. Toe hierdie bom daardie Dinsdag gebars het was daar nie keer aan die skoner geslag nie. Binne 'n uur was die groot meerderheid al gevat. Is die mans so bekoorlik, of is die dames maar net minder skaam en meer doelgerig? Ons weet nie. Dit het wel gou die spanning ontlont wat sou kon ontstaan. Die gewag tot op die laaste nippertjie, die gestress of sy ja of nee gaan sê, wie gaan jou vra ensovoorts.

Die tema het vir interessante verskynsels gesorg. Johan en Elise het geen kommentaar gehad nie. Sport was goed verteenwoordig, hetsy as sportlui of as ondersteuner. Die Afrika wortels het sterk deurgekom. Ap se toordokter uitrusting het sy Afrika aartappel metgesel (Carina) bietjie ongemaklik gemaak. Danny K aka Ronald was daar met 'n pop (-ster??) as maat want na 'n hewige gestryery oor wie nou met hom mag gaan het hy gemoedere gesus en hom onverkiesbaar gestel. Dankie Ronald dat ons darem ook 'n kans kon kry! Daar was bediendes, hordes munisipale werkers, bedelaars, 'n obskure man met 'n "handlebar moustache", dames met dreads, twee gypsies met pragtige bont denims, vreemde stamme geklee in tradisionele drag wat verdag baie op gordyne gelyk het, 'n paar boere, 'n dief, vroulike mynwerkers en laastens Trompie (Riaan) wat baie ondeund was maar sy vernuf in die vasvrae getoon het. Daar is geëet, pryse uitgedeel en foto's geneem. Die komplete kolleksie foto's is beskikbaar op vier DVD's.

Saans, tussen etes en werkwinkels was daar genoeg geleentheid tot jolyt. Bianca en Hilbert was een aand van die weiniges buite op 'n gevorderde uur en het versteen by die aanskoue van 'n onbekende-, kruipende-, verdagte-, swartgekleede-gedrog. Die gedrog het soos 'n wurm gekruip en later soos 'n spioen hul bekruip. 'n Identikit is opgestel na hierdie onrusbarende insident en dit lyk soos 'n druppel op Danny K. Danny K ontken skuld maar word nog in 'n sel aangehou tot hy sy onskuld kan bewys. Hopelik duur dit nog 'n paar jaar!

Willem Hofsink is op sy beste vroeg soggens en wanneer die maan skyn. Die bruinste lyf teenwoordig was toe nie 'n dame nie maar Roelof. Rudi het een of ander rare voorkeur vir meel. Alex het hom vinnig tuis gemaak in sy hut en was gou 'n bekende gesig in die venster van die hut waar hy na beraming 80% van sy vrye tyd spandeer het. Dat sy bed onder die venster was het nie as 'n skok gekom nie.

Nou roep ek 'n halt in verband met die kongres gebeure. Dankie Ake en Hilsje wat onbaatsugtig as kongres-ouers hulle tyd en moeite opgeoffer het. Laaste woord van dank gaan aan Jan Geerts vir die kongres reëlings. Dat hierdie man van die regte stoffasie gemaak is, is gewis. Baie kan nog gesê word, maar hierdie was net 'n poging om die geheue te verfris. Vele transvalers het nog na die kongres hier verwyl. Dankie aan almal wat onbaatsugtig koffiedrink en braai lokasies verskaf het.

Die berugte Kerkhoff susters het hul hier kom vestig vir 'n verdere maand onder die dekmantel van "prakties" doen hier. Niemand het vir 'n oomblik dit geglo nie, maar is te bly om Cornelia en Wilna hier te verwelkom. Geniet julle tyd hier! Ander nuus is dat Lizette en haar vriendin Barberra Gelderblom vanuit Nederland hier vir vakansie is. Saam met Jan-Jaap en Nico Hoving word hulle plegtig, en onoffisieël, ereburgerskap toegeken.

Ap het soos mis voor die son verdwyn en tot ons skok het ons agtergekom dat hy vir die voorsienbare toekoms hom in Gauteng gevestig het. Hy sal gemis word. Verder verwelkom ons Ewart (of E-Funk) terug. Na twee jaar se 'undercover' werk in Tshwane het hy alle nodige data versamel oor ons eweknieë daar en sy verslag sal met 'n loep gefynkam word.

Aan alle lesers 'n voorspoedige en geseënde jaar toegewens! Dinge sal kom en gaan maar die sleutelgat nie. Ek eindig met 'n aanhaling geborg deur die Burger: "Let's go fifty-fifty!"

Voetspore

Lekke boykies-ah!

Hier's ek weer, hier's ek weer met my ASCII kodes voor jou neus. Ek wil jou nie hê nie. Jy moet my lees. Aangesien die Kaapse korrespondent van die Olielamp se sosiale afdeling die kongres al in geure en kleure beskryf het, gaan ek dit nie weer doen nie. Tot my skrik kom ek agter dat daar dan nie so baie is om te meld nie.

Nie so baie nie?! Noem ek die aankoms van Ap, Jesca en Gonnie nie so baie nie? Dis tenminste drie! Drie keer! Ap het hom gevestig in Pretoria en hy is afkomstig van die kaap. Nou is hy afkomstig van 'n plot en moet die helfte van die jeug hom in hulle daaglikse lewe 'meneer' noem. Verder het hy byna-byna die reg gehad om byvoorbeeld vir André de Vente of Rien 'n pak slaag te gee as hulle nie hul huiswerk doen nie of Ap terroriseer met natgesabbelde proppies. Jesca is hier vir studies, sy word tandartsassistente. Nou dink u natuurlik almal aan die diepsinnige lied van Guus Meeuwis (?) 'Het is altijd lente in de ogen van de tandartsassistente...lalalalala". Maar moet dit nie sing nie, want dis nou al afgesaagd. En tandartse het die vermoë om jou tande ook afgesaagd te maak. En Gonnie is sover ek weet 'n uitruilstudent van Leiden na Pretoria en sy studeer antropotropotropologie of iets soos dit. Dit gaan oor hoeveel MILJOENE JARE OUD (oooooh!) sekere Tupperware is en dat dit dan nog steeds onder warranty is, mits u dit by 'n Tupperparty ingee en die skade nie voorkombaar was nie. Of oor die klassieke volke se eie Tupperparties, ek kan nie meer onthou nie. Aan almal welkom, ons sal julle goed kan gebruik in die jeug, dus pas maar op!

Nog iemand is nuut, maar ook nie so nuut nie, dus kry hy 'n eie afdeling. Dit is the one and only Peter Hamming. Hy is terug uit Nederland, waar hy soos ons verneem homself gevind het. Hy het ook 'n Groningse aksent gevind. Nou gaan hy eco-toerisme studeer. Dit gaan oor eco en toerisme. Sjoe, vandag gaan julle nog slim word terwyl julle hierdie stiekum in die kerk lees...

Ons het laas keer gekyk na van die nuwe lede van die jeug. Vandag is dit tyd vir Deel II.

Rynier Ros is 'n welopgevoede seun, wat altyd met twee woorde praat. Soms praat hy ook met drie woorde, maar dis altyd aansienlik minder as sy susters. Hy het 'n fraai potensiële Afro en hy is blitsvinnig en superslordig. Hy hou nie van mense wat dink hulle is goed en dan spikes koop, maar tog stadig hardloop nie. Want hy draf hulle anyway verby. Sy rolmodel is enigiemand behalwe die berugte "koerant-tannie".

Arnold Pouwels is 'n gentle giant. Dit is wat vriend en vyand van hom dink. Nie dat hy baie vyande het nie, want hy is mos nou 'n gentle giant. Hy is in Hoërskool Dirk Postma en hy speel sokker. Op die sokkerveld gedra hy homself soos Patrick Kluivert, maar daarbuite gelukkig nie. Kenners meen dat hy baie waarde heg aan Messiaanse prediking.

Willem Bijker luister na die naam Tjap. Hy luister ook na die naam Willem Bijker. En volgens sy ma en onderwysers luister hy ook baie keer glad nie. Hy speel nogals goed sokker, ry redelik fiets en slip buitengewoon goed skool. Maar dis alles vir 'n groter doel, aldus die betrokke seun. Redelik onlangs was hy besig om 'n computergame te skryf (soos Lemmings), en die vordering word meestal goed dopgehou, maar nie vandag nie. Tjap hou niks daarvan as 'n dominee die hele psalm lees vir die gemeente nie. Hy hou wel van sjokoladekoek en meer bondige preke.

Henk Bouwman is in die Maranata gemeente en baie min kere in die moeilikheid. Hy is naamlik 'n goeie en getroue leerder en gemeentelid. As ander leerders die skool onwettiglik en sonder toestemming vir die dag wil verlaat, gaan hy saam, maar net omdat hy vriendskappe hoog ag. Hy is 'n kranige sokkerspeler en menige Pretoriaanse hoopvolle sokkerspelertjies moes al hul droom om die nuwe Doctor Khumalo (PhD BIng UP) te word opgee nadat hy hulle getackle het. Henk is ook

in Dirk Postma Hoërskool en Hollandia sokkerclub.

Yolanda Bosker is 'n stil, maar diepsinnige mens. Sy ry 'n sweet Vespa. Hiermee oorskry sy nooit enige spoedgrense nie, want dis teen haar beginsels. Behalwe dit is dit anyway nie eers moontlik vir 'n Vespa nie. Yolanda hou nie van skool nie, maar nogals baie van goeie movies met popcorn. Haar broer is Riaan Bosker, en hy ry 'n sweet Polo (of...ek hoop ek praat nog die waarheid). Yolanda maak van hierdie broer se sweet kar en chauffeur-skills gebruik as sy moeg is vir die banale spoed van 'n sweet Vespa.

Volgende keer kom Deel III.

Totsiens
Voetspoor

Bible puzzles

Who am I?

#1
I am different from any creation in the world because while I was made and owned of a man, I once had God inside.
Even though I am unique, I am not one of a kind because you find ones similar to me all through the pages of the Bible.
As a matter of fact, every woman used us and all but a couple men. One man from the Old Testament and one from the New even used us twice. I am quite popular as songs have been written concerning me, I am celebrated every year, and have even been visited by angels. You can find my story in the gospels. Do you know me?

#2
I was not too big / And I was not too small
And not many listened / When the Lord did call
I was the one / Who kept God's people safe
When judgment came down / In a most unusual way
You see me a short while / And not much more
And God didn't really use me / Until He shut a door
I've seen many a creature / And many a man
But for much of the time / I was not upon the land
And apart from me / Everybody died
And in case you are wondering / I was never really alive.

Antwoorde (indien beskikbaar) in die volgende uitgawe.

Verjaarsdae

FEBRUARIE 2007

Bethal

Melinda Deysel	23-Feb

Johannesburg

Janine Boessenkool	2-Feb
Wim Boessenkool	2-Feb
Freddy van Lith	23-Feb

Kaapstad

Wietske Eefting	2-Feb
Hester Douma	4-Feb
Carike Byker	7-Feb
Adriaan Haak	8-Feb

Maranata

Veronica Bouwmeester	20-Feb

Pretoria

Wouter Ros	9-Feb
Chris Stolper	10-Feb
Bettie v/d Walt	11-Feb
Albert Bijker	12-Feb
Eric Danielz	20-Feb
Celeste Bron	20-Feb
Annette v/d Poel	21-Feb
Marita Ros	24-Feb
Andrea v Renssen	24-Feb
Jako Lubbinge	27-Feb